| | | | |
|---|---|---|---|
| 6.7 | Schalkie kon<br>• die probleem met sy oupa en ouma/ma/onderwysers bespreek het.<br>• sy ma geïgnoreer het/gedoen het wat hy wou.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bnogenoemde) | 1 | 5 |
| 6.8 | • Schalkie se ma het vir Schalkie vertel dat hulle gaan trek.<br>• Schalkie het uit die huis gehardloop.<br>• Schalkie se ma het vir Dirk van Graan gebel om te help.<br>• Dirk van Graan het mooi gevra dat Schalkie en sy ma nie moes weggaan nie. | 1<br>1<br>1<br>1 | 2<br>2<br>2<br>2 |
| 6.9 | Nee<br>• Schalkie was gelukkig by sy skool/met sy maats.<br>• Sy ouma en oupa was te oud.<br>• Schalkie sou Dirk van Graan te veel mis.<br>(Enige EEN of soortgelyk)<br>OF<br>Ja<br>• Schalkie se ouma en oupa kon na hom en sy ma kyk.<br>• Dit sou die las op Schalkie se skouers verlig.<br>(Of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 4 |
| 6.10 | • (Hy was ontsteld oor die nuus) omdat sy ma by sy ouma en oupa wil gaan bly.<br>• (Hy was ontsteld oor die nuus) omdat hulle sou trek.<br>(Of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 3 |
| 6.11 | • Dirk sou die las van Schalkie se skouers afneem.<br>• Dirk sou Schalkie se verantwoordelikhede oorneem.<br>• Dirk sou na Schalkie se ma kyk.<br>• Schalkie sou weer 'n kind kon wees.<br>• Schalkie sou nie hoef te trek nie/na 'n nuwe skool hoef te gaan nie.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 5 |
| 6.12 | • C<br>• Kinders behoort nie hul ouers se verantwoordelikhede te dra nie.<br>• C Kinders behoort nie hul ouers se verantwoordelikhede te dra nie.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 3 |
| 6.13 | • B<br>• aanvaar<br>• B aanvaar<br>(Enige EEN) | 1 | 4 |
| | | **[20]** | |

**VERHAAL B: "DIE DAG VAN DIE ROOS" – Jan Rabie**

| VRAAG | ASSESSERINGSRIGLYNE | PUNT | VLAK |
|---|---|---|---|
| 6.14 | (Die) somer | 1 | 1 |
| 6.15.1 | • Hy was te skaam om saam met die ander jongmense te gaan speel.<br>• Hy was te skaam om met die ander jongmense te praat.<br>• Hy het nie die moed gehad om deel van die jongmense se pret te wees nie.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 3 |
| 6.15.2 | • Alta het nie geweet hoe die seun oor haar voel nie.<br>• Dit was nie Alta se skuld dat hy te skaam was nie.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 4 |
| 6.16 | metafoor | 1 | 3 |
| 6.17 | • A<br>• deurmekaar rondgedraai het.<br>• A deurmekaar rondgedraai het.<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| 6.18 | • Hy het rose geruik.<br>• Hy het rose gesien.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 1 |
| 6.19 | die roos daar gelos het. | 1 | 3 |
| 6.20 | • Die storie speel by die see af.<br>• Jy kry seemeeue by die see.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 3 |
| 6.21 | • Dit wys dat sy emosies baie intens is.<br>• Dit wys dat hy baie verlief is.<br>• Dit wys hy alles om hom baie intens beleef.<br>• Dit wys hy sien alles om hom baie helder.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 5 |
| 6.22.1 | • C<br>• … het eerste langs die roos gebuk.<br>• C … het eerste langs die roos gebuk.<br>(Enige EEN) | 1 | 2 |
| 6.22.2 | • E<br>• … het die gebeure ongemerk probeer dophou.<br>• E … het die gebeure ongemerk probeer dophou.<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 6.22.3 | • D<br>• …het teruggeloop en die roos gaan haal.<br>• D … het teruggeloop en die roos gaan haal.<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| 6.22.4 | • B<br>• … het 'n romantiese atmosfeer geskep.<br>• B …het 'n romantiese atmosfeer geskep.<br>(Enige EEN) | 1 | 2 |
| 6.23 | • Sy het die roos op die sand gelos, terwyl haar vriendin by was.<br>• Sy het later, toe sy alleen was, die roos gaan haal.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 3 |
| 6.24 | • Die verliefde seun was kwaad en vol wraakgedagtes omdat Alta die roos gelos het.<br>• Alta het die aand met die verliefde seun by die landingsplek gepraat.<br>• Die verliefde seun het langs die rustige see gaan stap.<br>• Die verliefde seun se geluk het hom gedryf om in die see te swem. | 1<br>1<br>1<br>1 | 2<br>2<br>2<br>2 |
| 6.25 | • Ek sou met haar gepraat het.<br>• Ek sou saam met haar en die ander jongmense op die strand gespeel het.<br>• Ek sou haar gevra het of die roos nog mooi lyk.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | 1 | 5 |
| 6.26 | • Dit is die dag wat die seun vir Alta 'n roos gegee het.<br>• Dit is die dag waarop Alta gewys het dat sy ook van die seun hou.<br>• Dit was die dag wat die seun/Alta altyd sal onthou.<br>• Alles wat daardie dag gebeur het, het met die roos verband gehou.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 4 |
| | | **[20]** | |

**OF**

